27 Maart 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 4

e Hervormer

www.hervormer.co.za

In hierdie uitgawe...

Voorblad:
Bereik www.hervormer ook via die Kerk se hoofblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Nuus oor gemeentes
Kennisgewings en advertensies
Agterblad

Voorblad

Bereik www.hervormer.co.za ook via die Kerk se hoofblad by www.nhk.co.za



Besoek die Hervormde Kerk se webblad by www.nhk.co.za en volg die 'Publikasies'-skakel.

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e*-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op *e*-Hervormer...

Teken in op *e*-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

BEROEPENUUS

► **Beroepe ontvang**
Dr Jan Truter van Letsitele na Groot Marico

Dr Sanrie de Beer van Wesmoot na Philadelphia (deelversorging)

Ds Heinrich Botha van Klerksdorp - Doringkruin (deeltyds) na Evander

Ds Stephan Hoffman van Warmbad na Laeveld

Prop Joseph Steÿn na die Stella-kombinasie

► **Beroep aanvaar**
Ds Piet Rautenbach van Schweizer-Reneke na Nkana (Zambië)
Ds Gert Beukes van Johannesburg-Suid (deeltyds) na die kombinasie Belfast/Dullstroom (deeltyds)

► **Beroep bedank**
Prop JPC van der Westhuysen na Port Elizabeth (deeltyds)

Terug na Voorblad

► **Prof Bieks Beukes** is vanaf 1 Mei 2008 weer as brugpredikant in die Kerk beskikbaar. Daar is ook nog ander brugpredikante beskikbaar.

► **Dr Paul de Beer** werk tans as brugpredikant in die Gemeente Greylingstad terwyl die gemeente besin oor moontlikhede vir die toekomstige bearbeiding. Dr De Beer het tevore ook in die Belfast/Dullstroom-kombinasie gewerk en die gemeente voorberei om weer te beroep.

► Gemeentes van die Kerk word versoek om kommentaar te lewer oor **mnr Francois Evert** se aansoek om hertoelating tot die evangeliebediening. Hy was voorheen predikant van Koster.

► Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die **sekundilede vir die Kuratorium** soos volg benoem:

- Beukes CJ dr
- Bierman B oudl
- Botes HJ dr
- Els G van R ds
- Hoffman S ds (sr)
- Van Aarde AG prof
- Van der Merwe JF ds (Hannes)
- Van Wyk GMJ dr

NUUS OOR GEMEENTES

■ Nkana-gemeente in Zambië 10 jaar oud

Die gemeente Nkana van die Dutch Reformed Church Zambia is vanjaar 10 jaar oud. Die gemeente is op 26 Februarie 1998 afgestig van die Dutch Reformed Church Zambia, gemeente Lusaka.

Ds Collin Hertzog, voorsitter van die destydse Ring van Zimbabwe, het opgetree as voorsitter by die stigtingsvergadering wat gehou is in Kitwe. Prof Andries Breytenbach het groete oorgedra namens die Nederduitsch Hervormde Kerk en die NG Kerk. By die geleentheid was dr Fanie Pretorius, ds Eksteen Botes en ds Riaan Botha van die Hervormde Kerk teenwoordig. Ds Nico Mostert van die gemeente in Lusaka en lede van die NG Kerk se sinode van Midde-Afrika was ook teenwoordig.

So ver vasgestel kan word, is net die volgende gesinne wat met die stigtingsvergadering teenwoordig was, nog in die gemeente: die huisgesinne van Poena van Niekerk (Mkushi), Rudi Badenhorst (Ndola) en Stefaans Naudé (Chingola). Hulle dien steeds in die kerkraad. Walter Mörsner, eerste skriba van die gemeente, is ook steeds ’n gemeentelid.

Ds Riaan Botha was die eerste predikant van die gemeente. Prof Bieks Beukes is tot einde Maart brugpredikant in die gemeente. Daar is reeds weer ’n voltydse predikant beroep, naamlik ds Piet Rautenbach van Schweizer-Reneke.

Die gemeente het van 26 Februarie tot 17 Maart feesgevier. Ds Rautenbach wat na die gemeente beroep is, het by al die hoofkerkplekke erediens gehou. Op Sondag 2 Maart het ’n gesamentlike ete na die diens in Kitwe plaasgevind. Die feestyd is verder opgehelder deur die besoek van die Hervormde Kerk se Komitee vir Buitelandse bediening in die persone van dr Fanie Pretorius, dr Frans Boshoff, ds Eksteen Botes en die Administrateur, mnr Kobus Viljoen.

Terug na Voorblad

Op Sondag 24 Februarie het ’n gesprek plaasgevind tussen die gemeente Nkana en die gemeente Lusaka van wie Nkana afgestig het.

Die gemeente se kort geskiedenis word gekenmerk deur hoogtepunte en laagtepunte. Ons dank die Here vir sy onuitspreeklike genade. Ons dank aan elkeen wat daar gewerk het die afgelope 10 jaar.

Dit gaan goed met die gemeente. Die enigste krisis is dat die gemeente nie ’n pastorie het nie. Die Algemene Kommissie het toestemming gegee dat by al die gemeentes van die Kerk vir dié doel gekollekteer kan word. Positiewe steun is reeds van verskeie gemeentes ontvang waarvoor voorlopig dank betuig word.

■ **Weskus se nuwe kerk vorder!**
Na die artikel in die Konteks van Januarie/Februarie 2008 oor Weskus se planne vir die bou van ’n nuwe kerk en die foto van die sooispit daarby, het baie gemeentes en lidmate belangstelling getoon. Die goeie nuus is dat Weskus se inwyding voor die deur is. Dié week sit hulle dak op, die vensters kom in en teen volgende week word die deure gehang. Die inwyding word beplan vir 20 April om 18:00. Die weeklikse vordering kan op die gemeente se webwerf gesien word. Op die hoofblad is ‘n webskakel met die naam ‘bouprojek‘. Die jeug sien die meeste daarna uit dat die kerk voltooi en ingewy moet word, aangesien elkeen al reeds ‘n sitplek op die groot galery bespreek het!
Die webadres is www.nhkweskus.co.za.
Vir lidmate wat nie oor internetfasiliteite beskik nie, plaas ons ‘n foto hierby. Dankie vir almal se ondersteuning. Indien daar nog gemeentes en/of lidmate is wat finansiële steun wil of kan bied, kan hulle die gemeente se rekeningbesonderhede op die webwerf kry.

Die kerkgebou van die Gemeente Weskus

■ **Gemeente Port Elizabeth** wag aansoeke in vir die vul van ’n deeltydse standplaas. Die gemeente is op 27 April 1951 gestig en vorm deel van die Ring van Oos-Kaapland. Die standplaas was sedert die ontstaan van die gemeente ’n volsorgstandplaas, maar is in Mei 2007 gewysig na ’n standplaas met deeltydse bediening. Ds Lewis Strauss het kort daarna in Julie 2007 ’n beroep na Gemeente Bloemfontein-Wes aanvaar.

Die take is die normale wat van ’n gemeentepredikant verwag word soos in die Kerkorde omskryf.
Vir meer inligting kan oudl Johan Kruger geskakel word: werk 041 461 1409, tuis (saans) 041 466 1695 of 079 490 0601.

Aansoeke kan gepos word aan: Die Skriba, Hervormde Gemeente Port Elizabeth, Posbus 7404, NEWTONPARK 6045.
Die sluitingsdatum is Vrydag 4 April 2008.

Terug na Voorblad

Advertensies en kennisgewings

- Die **Tussenkerklike Raad** (TKR) het verlede week vergader. Die lede van die Moderamen asook di Leon Geel, Etienne Fourie en dr Gafie van Wyk verteenwoordig die Hervormde Kerk in die TKR.

- Die **afvaardiging van die buitelandse bedieningskomitee** van die Kerk na Zambië, naamlik drr Frans Boshoff, Fanie Pretorius, ds Eksteen Botes en die Administrateur, mnr Kobus Viljoen, het 'n geslaagde besoek by die gemeente Nkana afgelê. Bykans 6000 km is per moter afgelê om lidmate in al die verskillende preekpunte te besoek. By elke preekpunt is eredienste gehou deur die predikantslede van die afvaardiging. Die preekpunte is te Kitwe, Mkushi, Mpongwe, Chililibamba, Ndola en Solwesi. Besoek is ook afgelê by die Hervormde lidmate in Chisamba, wat eintlik deel vorm van Lusaka-gemeente wat deur die NG Kerk inskakel. Die meeste van die lidmate het verskuif vanuit Zimbawe en is boere.

Die gemeente funksioneer doeltreffend en prof Bieks Beukes en sy vrou Monica het in die afgelope jaar as brugpredikantspaar kosbare werk gedoen. Die gemeente is finansieel selfstandig en goed georganiseer. By elke preekpunt is persone wat leiding neem en eredienste word goed georganiseer en bygewoon. Ds Piet Rautenbach van Schweizer-Reneke het tot groot blydskap van die gemeente die beroep aanvaar, wat beteken daar kom geen onderbreking in die bediening van die gemeente nie.

- **Die Kommissie van die AKV** kom op 4 April in 'n buitengewone vergadering byeen in Pretoria.

- **Rade en komitees** word herinner aan die halfjaarlikse verslag oor werksaamhede. Dit moet die sekretaris van die Kommissie teen 15 Mei 2008 bereik.

- **Evaluering van voornemende teologiestudente**

Die evaluering van **voornemende teologiestudente** vind op 11 April 2008 plaas.
Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Hervormde Kerk te studeer.
Plek: Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria
Datum: April van elke jaar
Aansoekvorms kan aangevra word vanaf:
Die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, PRETORIA 0001
Telefoonnommer 012 420 5393; faksnommer 012 420 4303; e-posadres: betsie.brits@up.ac.za

DIE 45STE NASIONALE KONGRES VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING VIND PLAAS OP 3, 4 & 5 JULIE 2008 IN DIE AULA, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, LYNNWOODWEG 264, PRETORIA.

DIE EREPRESIDENT, ERELEDE VAN DIE VERENIGING, PREDIKANTSVROUE WAT DEUR HULLE ONDERSKEIE TAKKE AFGEVAARDIG IS, VOORSITTERS VAN TAKKE WAT NIE PREDIKANTSVROUE IS NIE, VROUEPREDIKANTE VAN DIE KERK WAT DEUR HULLE TAKKE AFGEVAARDIG IS EN HOOGSTENS TWEE AFGEVAARDIGDES VAN ELKE TAK, LEDE MET ADVISERENDE STEM (WAARNEMERS), LEDE MET SPREEKREG (ALLE BELANGSTELLENDE VROUELIDMATE) EN DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE KERK OF SY VERTEENWOORDIGER, WORD HIERMEE NA DIE NASIONALE KONGRES OPGEROEP.

Terug na Voorblad

● VAKATURES BY SENTIK

1

Posbenaming: Sekretaris vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie
Aanstellingsdatum: 1 Augustus 2008
Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 April 2008

Agtergrond
Met die totstandkoming van die Raad vir SENTIK en die gepaardgaande instelling van ’n uitvoerende sekretaris soortgelyk aan die ander drie sekretarisse in die Kerk, het die verwagtings ten opsigte van hierdie pos, wat boonop aan die redakteurspos van *Konteks* verbind is, aansienlik uitgebrei.

Dit het verder duidelik geword dat die uitgebreide verwagtings wat aan SENTIK gestel word, nie langer deur die huidige posstrukturering geakkommodeer kan word nie.

Tydens ’n werkwinkel van die Raad vir SENTIK met lede van die Algemene Kommissie is op herstrukturering en uitbreiding van bestaande poste besluit. Die Algemene Kommissie het hierdie beplanning en die voorlegging van die Raad vir SENTIK by sy afgelope vergadering goedgekeur. Dit behels onder andere ’n interaktiewe kommunikasiemodel wat ondersteun word deur die integrering van die kommunikasie-opdrag in twee nuutsaamgestelde poste, naamlik die pos van Sekretaris (wat hier geadverteer word), asook die nuutsaamgestelde pos van dr Wian Kloppers. Hy het verkies om nie by die bestuurspos betrokke te wees nie, maar eerder by die pos van kreatiewe visuele kommunikasie, wat steeds aan die redakteurskap van *Konteks* verbind word.

Die nuutaangestelde *Sekretaris vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie* sal sterk verantwoordelikheid neem vir die sinchronisering en vaartbelyning van kommunikasie in die Kerk deur die bevordering van kongruente kommunikasie op alle vlakke en tussen alle rolspelers. Dit is dus belangrik dat belangstellendes die volledige posbeskrywing sal bestudeer alvorens hulle oorweeg om vir hierdie pos aansoek te doen.

Aansoeke: Moet skriftelik aan die Mannekragbestuurder, mnr Piet Beukes, gerig word by Posbus 2368, Pretoria 0001 of piet@nhk.co.za en vergesel wees van ’n volledige CV wat aandui hoe die kandidaat aan die posvereistes en profiel voldoen. Belangstellendes kan navrae rig aan mnr Piet Beukes (012 322 8885 of piet@nhk.co.za) of dr Wian Kloppers (012 322 8885 of konteks@nhk.co.za). Die volledige posbeskrywing en profiel kan ook van hulle verkry word.

2

Posbenaming: Grafiese Kunstenaar
Om gevul te word: So spoedig moontlik
Aansoeke sluit: 30 April 2008

Die pligte behels onder andere die grafiese ontwerp en uitleg van korporatiewe visuele konsepte, verskillende publikasies van die Kerk, toerustingsmateriaal en elektroniese kommunikasie.
Die **vereistes** is die volgende:

- Bewese vaardigheid in *InDesign CS3, Adobe Photoshop CS3 en Adobe Illustrator CS3*
- Kennis van e-programme
- Vermoë om stof in pdf persgereed te maak
- Noukeurige taal- en tekshantering
- Bewese ondervinding in die uitleg van boeke, tydskrifte en e-kommunikasie
- Kreatiwiteit, selfdissipline, goeie menseverhoudinge en spanwerkvermoë
- Vermoë om effektief onder druk van sperdatums te werk
- Administratiewe vaardighede binne ’n publikasiekantoor se kommunikasie-opdrag

Terug na Voorblad

Aansoeke moet skriftelik aan die Mannekragbestuurder, mnr Piet Beukes, gerig word by Posbus 2368, Pretoria 0001 of piet@nhk.co.za en vergesel wees van ’n volledige CV waarin vorige ondervinding aangedui word. Navrae kan gerig word aan dr Wian Kloppers (012 322 8885 of konteks@nhk.co.za).

● **Brackenhurst** wag aansoeke in ten einde die volgende vakature te vul:

Benoemingspos

Posbeskrywing

- Ontwikkel, bevorder en bestuur die missionêre gerigtheid van die gemeente.
- Die bestuur, bedryf en ontwikkeling van die bedieninge in die gemeente.
- Die ontwikkeling, bestuur en bedryf van ’n effektiewe jeugbediening in die gemeente.

Vaardighede

- Die kandidaat moet ’n gemotiveerde selfbeginner wees met ’n grondige kennis van bestuursbeginsels (beplanning, organisering, leiding en beheer); hy/sy moet beskik oor goeie organisatoriese vermoë en taalvaardigheid, en moet goed met mense oor die weg kom.
- Die persoon is verder ’n "spanspeler" wat sonder toesig kan werk.

Verantwoordelikhede

- Die persoon sal verantwoordelik gehou word vir die effektiewe bestuur en bedryf van die drie dimensies van die gemeente se bediening.
- Die persoon moet op die hoogte bly van tersaaklike literatuur wat op die gebied van die drie terreine beskikbaar is en verskyn.
- Die persoon sal verantwoording doen en verslag lewer aan die Werkgroep Kerkbestuur en sal in die vergadering sitting hê.

Die pos is ’n benoeming vir een jaar, met die bedoeling dat dit so gou moontlik na ’n volversorgde standplaas opgegradeer sal word.
Meer besonderhede kan verkry word by:

- Predikant: ds Gys Els, telnr 011 867 4995 / gels@mweb.co.za
- Adminbeampte: Suzette van Oudtshoorn, telnr 011 868 3625 / nhkbrack@ananzi.co.za
- Skriba: Hannes Liebenberg, selnr 082 824 7456 / h.liebenberg@techmet.co.za

Die Werkgroep Kerkbestuur wag CV’s in en sal tydens sy vergadering van 31 Maart 2008 besluit wie vir onderhoude genooi sal word.

● Gemeente Hazyview: Projek ‘Op weg met die toekoms’.

Hierdie projek word veral deur die finalejaars bestuur. Al die gedagtes en planne kom van hulle af en met leiding word dit prakties tot uitvoer gebring. Die hoofsaak is dat die finalejaars intens betrokke raak by die werk in die gemeente. Die moontlikhede is baie en daarom word u ook uitgenooi om saam te dink en saam te beplan.
Nadat hard gewerk is, sluit hulle die jaar af met ’n reis na Israel. Ook daarvoor werk die finalejaars self, hoewel die hele gemeente al ingespring het om te help!

Benewens die uitgebreide besoek aan Israel, word onder andere ook Petra in Jordanië, asook Kaïro en Sinai in Egipte besoek. Die koste beloop sowat R18 000 per persoon en sluit alle vlugte, vervoer, verblyf, etes en uitstappies in. Die reis is 14 dae en die beplande vertrekdatum is 3 of 10 September 2008. Veral finalejaars word uitgenooi, maar ander lidmate is ook welkom om saam te reis, nie net na Israel nie, maar ook op weg met die toekoms, ons jeug.

Kontak André du Preez vir verdere inligting:
Nederduitsch Hervormde Gemeente Hazyview
Posbus 140, Hazyview 1242. Tel/faks: 013 737 7270.
Sel: 083 277 0917. E-pos: nhkhazyview@telkomsa.net

Terug na Voorblad

● VTT 2008

Tema: Hoe hoor ek God se Woord vandag?
Datums: 27 en 28 Mei en dan weer 4 en 5 November.
Meer inligting sal mettertyd bekendgemaak word.

● Ringsvergaderings 2008

RING	VERGADERPLEK	DATUMS	LID VAN KOMMISSIE
BLOEMFONTEIN	Bloemfontein	19 April	Sal aangewys word
BOTHAVILLE	St Helena	31 Mei	Oudl JFP Engelbrecht
BRAKPAN	Benoryn	7 Junie	Oudl JA Oberholzer
BRONKHORSTSPRUIT	Premiermyn	2 Junie	Oudl JFP Engelbrecht
CHRISSIESMEER	Hendrina	3 Junie	Oudl JH Steyn
DORSLAND	Tsumeb	13 Junie	Ds APJ Beukes
GERMISTON	Elsburg	11 Mei	Prof E van Eck
HEIDELBERG	Heidelberg	17 Mei	Ds APJ Beukes
HEILBRON	Sasolburg-Suid	14 Junie	Oudl JFP Engelbrecht
JOHANNESBURG	Johannesburg-Wes	7 Junie	Oudl F Wilkens
KLERKSDORP	Klerksdorp-Oos Môrester	8 Junie	Dr DJC van Wyk
KROKODILRIVIER	Ruskoppies	19 Mei	Oudl JFP Engelbrecht
KRUGERSDORP	Krugersdorp-Oos	4 en 5 Mei	Prof E van Eck
LAEVELD	Letsitele	21 Junie	Mnr JF Viljoen
LOSBERG	Randfontein Midpark	10 Mei	Mnr JF Viljoen
LYDENBURG	Hazyview	6 Junie	Kommissievergadering
MAQUASSI	Makwassie	22 Julie	Dr DJC van Wyk
MIDDELBURG	Middelburg-Noord	3 Junie	Oudl BP Botha
NOORDELIKE NATAL	Vryheid	24 Mei	Dr SP Pretorius
NOORDELIKE PTA	Grootvlei	9 en 10 Mei	Oudl F Wilkens
NOORD-KAAPLAND	Kuruman	9 en 10 Mei	Oudl JLO Esterhuizen
OOS-KAAPLAND	Port Elizabeth	10 Mei	Sal aangewys word
PIETERMARITZBURG	Richardsbaai	14 Junie	Ds AC Kuyper
POTCHEFSTROOM	Potchefstroom-Suid	11, 12 en 13 Mei	Dr DJC van Wyk
POTGIETERSRUS	Koedoesrand	10 Mei	Oudl JW Pont
PRETORIA	Pretoria-Oos	11, 12 en 13 Mei	Oudl F Wilkens
PRETORIA-NOORD	Magaliesmoot	2 Junie	Dr SP Pretorius
PRETORIA-WES	Elandspoort	14 en 15 April	Oudl FH Geyser
ROODEPOORT	Newlands	1 Junie	Ds AC Kuyper
RUSTENBURG	Rustenburg-Tuine	18 en 19 Mei	Sal aangewys word
SWELLENDAM	Outeniqua (George)	19 April	Prof TFJ Dreyer
TRICHARDTSFONTEIN	Kriel	1 Junie	Oudl BP Botha
VEREENIGING	Vanderbijlpark-Suid	10 Mei	Sal aangewys word
WATERBERG	Rust der Winter	11 Junie	Oudl JW Pont
WES-KAAPLAND	Strand	7 Junie	Sal aangewys word
ZEERUST	Lichtenburg-Oos	24 Mei	Oudl JLO Esterhuizen
ZOUTPANSBERG	Dendron	10 Junie	Dr JMG Storm
ZUURFONTEIN	Makarios	10 Mei	Oudl JH Steyn

Terug na Voorblad

● Huis Uitkoms Bethulie

Kom geniet u goue jare in veiligheid en rustigheid!
Sorgvrye, uiters bekostigbare inwoning op die platteland

HUIS UITKOMS BETHULIE
(RESIDENTIA STIGTING)
Behou u selfstandigheid en menswaardigheid in 'n huislike atmosfeer

Dubbelwoonstelle en enkelwoonstelle met eie versorgde tuine. Dubbelkamers en enkelkamers kyk uit op pragtige tuine. Inwoning in twee huise (Huis Pienaar & Huis Van Blerk). Volle versorging vir verswakte bejaardes

24-uur-verpleegsorg, voedsame etes, wasgoedhantering, versorgde tuine, goeie sekuriteit, bekostigbare tariewe

Liefdevolle versorging met 'n verskil: hier gee ons om vir mekaar

Kontakpersoon: Dr Pieter du Plessis 051 763 0177. www.bethulie.com/huisuitkoms.html

Agterblad

Die verspreiding van die *e*-Hervormer: Belangrike kennisgewing

Die redaksie het verneem dat daar lesers is wat versoek dat, vanweë die lêergrootte, slegs die drukkersvriendelike weergawe van die *e*-Hervormer weekliks uitgestuur moet word. Die volledige weergawe kan dan steeds van die webblad www.hervormer.co.za afgelaai word.

Dit is moeilik om te bepaal hoeveel lesers hierdie opsie verkies, en daarom wil ons graag die volgende praktiese reëling tref:

- Alle lesers ontvang slegs die drukkersvriendelike weergawe weekliks per e-pos.
- Lesers wat egter graag ook die volledige weergawe (waarvan die grootte tussen 500 kb en 1 mb behoort te wees) wil ontvang, stuur 'n e-pos aan epos@hervormer.co.za met die woorde 'Volledige weergawe' in die *opskrifkolom.*



Drukkersvriendelike weergawe

Volledige weergawe

- Lesers wat die webwerf www.hervormer.co.za besoek, kan in elk geval albei weergawes (en ook vorige uitgawes) in PDF-formaat aflaai.
- Vir duidelikheid word weer genoem dat die *e*-Hervormer heeltemal gratis versprei word en dat daar geen koste is om op hierdie publikasie in te teken nie.
- Dit is egter nie moontlik om die *e*-Hervormer as 'n *Microsoft Office Word* dokument aan te stuur nie, aangesien vorige weergawes van hierdie program nie al die funksies van die oorspronklike dokument kan hanteer nie.

Die doel van die *e*-Hervormer is juis om kommunikasie te verbeter, en daarom sal die redaksie alles in sy vermoë doen om, wat die verspreiding en toeganklikheid betref, die behoeftes van alle lesers met erns te benader.

Terug na Voorblad